**Mede-wete.**

Antjie Krog. Kaapstad: Human & Rousseau, 2014. 128 pp. ISBN: 978-0-798-16787-1.

DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v52i2.22

Antjie Krog geniet as digter, skrywer, akademikus en verslaggewer oor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wye bekendheid. Dié bekroonde digter het onlangs haar nuutste digbundel *Mede-wete* (2014) die lig laat sien.

Die flapteks van *Mede-wete*, ook uitgegee in Engels as *Synapse*, stel dit soos volg bekend: "Antjie Krog se digterskap het begin met verset teen taal en gesag wat meer was as jeugdige rebelsheid—dit was 'n begeerte om die taal sélf los te maak van beperkinge. Kwessies rondom gewete, geheue en taal word nou, in haar eerste digbundel in agt jaar, tot 'n nuwe intensiteit gevoer."

Die titel en die motto's voorin die bundel is reeds sprekend van die spilpunte van *Mede-wete*. Die titel wys op 'n kollektiewe bewustheid en in baie gevalle 'n bewustheid van gedeelde Afrikanerskuld. *Mede-wete*, onkonvensioneel met 'n koppelteken geskryf, dwing die leser om woorde soos *medemens*, *medepligtige*, *medemenslikheid* op te roep en deurgaans neem 'n bewus wees van die Ander 'n prominente posisie in. Die fokus op die verhouding tussen Self, 'n eie identiteit, en 'n relasie tot die Ander word in *Mede-wete* deur verskillende strategieë deurgevoer. Daar word byvoorbeeld gebruik gemaak van gesprekvoering in verskeie vorme, wat onvermydelik die aandag vestig op 'n Self-Ander-verhouding. Hiervan is "bediendepraatjies" (60–74) 'n goeie voorbeeld—die leser word deur "bediendepraatjies" bewus gemaak van die misverstande wat daar bestaan tussen Self en Ander. Die mens se relasionaliteit tot 'n Ander staan dus voorop, maar die bundelmotto's plaas 'n verdere klem op die mens se relasie tot grond en grondbesit en hoe dít identiteitsvorming beïnvloed.

Die openingsgedig, "'ek wil 'n graf hê om van te draai'" (uit die eerste afdeling, naamlik "die werf"), illustreer reeds die twee genoemde temas. 'n Kollektiewe bewustheid en die aard van grond en grondbesit blyk byvoorbeeld uit reëls soos "sy verwarde / nageslag staan waar ons voel ons nie hoort nie / verduur deur geboortegrond waaraan ons vir geslagte / bloei" en "in die snykoud Vrystaat skitterlig is dit asof / iets sugtends van ons uitgaan van ons / Afrikanergewete ons taalheid ons witheid". Die gedig handel oor die begrafnis van die digter-spreker se pa en is tekenend van 'n deurwinterde skrywershand, dit is merkwaardig om iets so uitmuntend poëties te skep van 'n onderwerp wat dit maklik tot die sentimentele kan leen.

Een van die mees prysenswaardige aspekte van Antjie Krog se poëtika is haar vermoë om 'n veelvuldige perspektief vreesloos en eerlik te kan weergee. 'n Aspek hiervan is die dualistiese voorouerliefde, 'n liefde vir grond en die plaas, maar terselfdertyd 'n wete dat daar hierin 'n onvermydelike bevoorregting lê waarin sy as Afrikaner deel gehad het en deur haar liefde vir haar Afrikanerfamilie en herkoms, dalk steeds deel het. 'n Gedig wat dié dualisme besonder goed illustreer is "om soos vroeër" (21):

om soos vroeër die Kroonstad/Viljoenskroonpad te vat
en nader aan die afdraai te hoor hoe rits my gewrigte los
hoe sidder my vel as ek by die plaaspad-middelmannetjie
oorskakel na tweede rat vir die kyk die kruie tot waar
[…]
ag, ek verlang na my pa en my ma soos wat hulle was
daar aan die bopunt van die tafel voor in die kar
geselsend in die hoofslaapkamer en die wêreld deur hulle
in stand gehou volkoringheilsaam en onvernietigbaar

so het dit gevoel ek hardloop julle van agter-af in sit
my arms om julle skouers en loop in die warm wesendheid van julle knorrige gewetes loop liedswermend soos
ek eens geloop het as julle kind, julle wit batende kind

oor die uitgestrekte werf van leuens want kyk
'n heerskare was onder ons hak 'n gehaksel
wat bloei: ek dra met julle saam dit wat nou so
skeur uit 'n haag van bloed en bitter wraakgebroei

Die tematiese besinning oor die aard van grond, grondbesit, mag, patriargie en die verband tussen identiteit en grond, hoewel tipiese postkoloniale temas, word nooit eentonig of clichématig aangebied nie. Die blik op die patriargale word byvoorbeeld afgewissel met 'n matriargale perspektief wanneer die digter-spreker vertel van sterk vroue uit haar voorgeslagte, soos byvoorbeeld in "[grond]—tussen hakies onvertaalbaar" waarin die digter-spreker se oumagrootjie die grondbesitter is. Genderkwessies word ook op ander maniere in die bundel getematiseer. Die gedigte "junior" en "om in 'n dogtertjie se kamer te slaap" word op bls. 36 en 37 teenoor mekaar gestel en raak só heelwat van die stereotipiese sienings van genderrolle aan.

Nog 'n bekende Krog-tema is die verstrengelheid van verlede en hede, met die skuldtema wat dikwels daarmee verband hou. In "dis hy!" (22) sê die digter-spreker byvoorbeeld "vas / geheg bly ons hede aan die verlede sterf". Vanselfsprekend bring hierdie tematiek ook ander temas na vore, soos die onbetroubaarheid van herinneringe en geheue ("geheue" 87), wat deurgaans in die bundel aangeraak word.

*Mede-wete* is ryk aan motiewe en tematiese verskeidenheid. Behalwe vir grond, identiteit, skuld, familiebande en kollektiewe bewustheid, is daar ook verwysings na die poëtikale, die orale tradisie, die dood, geweld, eensaamheid en verganklikheid. Die pragtige "kerssonnet" (75) is 'n gedig wat laasgenoemde aangrypend uitbeeld.

'n Verdere kenmerk van *Mede-wete* is die uiteenlopende style en eksperimentering met tipografie, taal en neologismes. Daar is die intertekstuele invloed van Paul Celan en verwysings na Spivak, J. M Coetzee, Carl Jung en andere. Die poësie wissel tussen narratiewe poësie, praatpoësie en suiwer beeldpoësie. Die metaforiek wat byvoorbeeld in gedigte soos "ongelowig is nie die regte woord nie" (86) en "huisskoonmaak" (96) gebruik word, is tekenend van geslypte woordkuns.

Krog se oeuvre word deurlopend gekenmerk deur die outobiografiese en in *Mede-wete* is dit nie anders nie. In aansluiting by een van die hooftemas is die outobiografiese verwysings merendeels na die digter-spreker se verhouding met haar eie ouers, kinders, eggenoot, kleinkinders en herkoms. Die intieme huweliksruimte word in "toe die jongste kind" (101) betree en 'n gedig soos "as ek doodgaan" (102) is een van die laatverse wat die digter-spreker se eie dood aanraak. Dit is verder opvallend hoeveel ooreenkomste daar tussen *Mede-wete* en Krog se outobiografiese *'n Ander tongval* (2005) bestaan. So is heelwat van die vertellinge in laasgenoemde omgedig tot gedigte soos "'n verhaal" (16–7) en "voorverkiesingspraatjies" (20).

Menige resensente het al "by die dood van Nelson Rolihlahla Mandela" (107) as 'n kragtoer geprys, en daar is inderdaad vele hoogtepunte in hierdie bundel. *Mede-wete* is nie op dieselfde literêre vlak as *Lady Anne* (1989) of *Kleur kom nooit alleen nie* (2000), maar is steeds 'n indrukwekkende bundel wat as een van die hoogtepunte in die Afrikaanse poësie van die afgelope paar jaar gesien kan word. Ek sluit af met 'n aanhaling uit die sikliese en uitmuntende "mirakel" (30–1):

ek behoort aan hierdie land
dit het my gemaak

ek het geen ander land
as dié land nie

mateloos is my liefde vir die land
verwikkeld gehard en onomwonde

*Ihette Jacobs*
jacobsi@ufs.ac.za
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein